



# BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA  
Newsletter of the Free State Section of the MCSA



## GOKYO-VALLEI - HIMALAJAS

Charlotte Augustyn

Berge sal my altyd bekoor en altyd vir my 'n uitdaging bly. Daar is al so baie geskryf oor hoekom mense berge klim, maar vir my is die antwoord in die woorde van Reg Pearce waar hy skryf:

*"In search of themselves, a mastery over their fears, a greater self-knowledge and an enduring beauty that is not of this world".*

Daar is al baie artikels geskryf oor die pragtige Khumbu Vallei na Everest Basiskamp, maar ek wil graag die stap-klim deur die wêreld se hoogste pieke verder neem en vertel van die Gokyo Vallei, (ook bekend as die vallei van die dood). Neem net een week ekstra en sien blou mere, (heilige mere, volgens die Nepalese) en nog meer pragtige wit pieke saam met Everest. Die vallei is oos van die staproete na die basiskamp en die verkeer van stappers minder.

Verlede jaar het ek en drie vriendinne, Elmare van Heerden, Sannet Venter en Annelie Rudman vir 20 dae in die Himalajas gaan stap. Ons het eers na Everest basiskamp gegaan, en is daarna weer op na die Gokyo vallei wat dan ook die roete is na die wêreld se agste hoogste piek, naamlik Cho Oyu op 8188m.

Dis al dag 11. Ons was reeds by Gorak Shep en het Kala Patar geklim (5550m) en het laer geklim in die Khumbu Vallei, wat beteken dat ons reeds geaklimatiseer het. Ons gids het besluit om 'n ander roete te neem en ons by Pheriche te laat slaap waar 'n vinnige, warm stort en 'n Coke hul prys werd was.

Op dag 12 verdeel die pad van ons roete en neem ons die paadjie wat na Hoër Pangpoche gaan. Hiervandaan was die roete weer onbekend en het ek weer daardie nuuskierige avontuurgevoel gekry van die onbekende mooi wat weer eens op ons wag. Ons is verby 'n aantal chortens, (Boeddhistiese aanbiddingsmure) en 'n aantal gedenkstene van klimmers of stappers wat oorlede is oorlede is op hoër pieke.

Ek het elke keer wanneer ons verby sulke gedenkstene gestap het, weereens besef dat mens berge moet respekteer. Uit my vorige bergklimervarings het ek geleer om 'n berg se reëls na te kom en te luister na jou liggaam. Dan sál jy dit maak!

Ons het daardie aand by 'n netjiese Boeddhistiese "gastehuis"

geslaap en ek het 'n Boeddhistiese klooster besoek wat al byna 600 jaar oud is.

Dag 13 het ons die hele dag in digte mis geklim. Hoewel dit jammer was dat ons geen uitsig gehad het nie, het dit aan die ander kant die afgrond versteek wat blykbaar nie vir dié is wat hoogtevrees het nie. Tog sal daar altyd vir my 'n spesiale bekoring wees in die misterieusheid van sulke digte mis, dis asof elke foto 'n verhaal kan vertel sonder woorde. Soms het 'n draer skielik te voorskyn gekom met sy vrag op sy nek, of 'n jakkalse wat net bokant jou in die veld staan en gras vreet.

Ons het die nag op Phortse Tenga geslaap en op 3810 m was dit die laagste punt voor ons weer sou begin styg. Die kamers was koud maar in die eetsaal waar al die stappers saans bymeekaarkom, gesels en ervarings uitruil, het die eenaars van die betrokke gastehuis altyd 'n vuur gemaak in 'n swart stofie met droeë jakmis. Teen die mure was gewoonlik plakkate van Everest en ander hoë pieke en koerantuitknipsels waar die eenaars op verskillende ekspedisies sjerpas was. Ek het altyd die idee gekry dat die Nepalese baie trotse mense is. Trots op hul land, hul berge en godsdien.



Foto: Charlotte Augustyn

Dag 14 het ons afgeklim na 'n rivier met die naam Kohana Khola (khola beteken rivier), wat ons gekruis het met 'n lang hangbrug. Die riviere en strome is altyd bruisend en 'n pragtige turkoois kleur weens die sneeu en gletsers wat hoër op smelt.

Ons het nou die Gokyo Vallei betree en dadelik weer steil begin klim. Dit word die Vallei van die Dood genoem en my enigste afleiding omtrent die naam was dat klimmers dit onderskat en dan te vinnig in hoogte styg sonder 'n aklimatiseringsdag.

Ons kon dadelik weer die verskil in hoogte begin voel. Die tree was weer stadiger en die asem minder. Gelukkig was ons reeds geaklimatiseer en behoort hoogtesiekte nie in te tree nie, maar ons het nogtans gehou by ons voorsorg van baie water drink en medikasie soos Diamox, wat 'n persoonlike keuse was.

Dit was dan ook die dag van pragtige watervalle. Oral het water in verskillende strome van die berg afgevoei. Dit was helder water wat sekerlik van fonteine op die berg afkomstig was. Soos ons hoër gestap het in die vallei op, het ons die heeldyd nog 'n blik op Phortse gehad wat soos al die dorpe in die Himalajas teen die hange van die berge lê.

Ons het laatmiddag ons volgende dorpie, naamlik Dole (4200m) bereik. Ons gidse het ons geneem na ons oornagverblyf met die naam van "Yeti Inn". 'n Klein gletserrivertjie het voor die gastehuis van die berg afgestroom en 'n paar brawe stappers het kans gesien om hul klere daarin te was. Deur my kamervenster het ek 'n blik gehad op Thamserku (6608) en Kangtega (6685) wat altyd prominent agter ons op ons roete was. Ons is in die nag besoek deur 'n honger muis wat selfs kans gesien het vir my vitamienpille wat ek eintlik self baie nodig gehad het!

Dag 15 en ons is reeds vroeg op pad nadat ons 'n tipiese Nepal ontbyt "geniet" het. Ek het altyd verkies het om net hul graanpap, gemaak van 'n tipe koring, en 'n gekookte eier te eet. Ervaring het my al geleer dat as mens hoër klim, jy nie 'n olierige gereg moet eet nie omdat die olie soms hergebruik word. Maak nie saak oor hoe 'n mens voel oor kos op dié stadium en dié hoogte nie; mens moes maar net eet vir energie.

Die dag het al hoe mooier geraak en die hoogtepunt was toe Cho-Oyu (die naam afgelei van 'n tipe edelsteen) voor ons verskyn. Dit was vir my net soos toe Everest die eerste keer sy verskyning gemaak het; een van daardie oomblikke in 'n mens se lewe wanneer jy jousef wil knyp om te verseker dat dit werklik is.

Baie ekspedisies wat Everest wil klim, moet eers Cho-Oyu suksesvol bereik, amper soos 'n soort toestemming om Everest aan te pak.

Ons bestemming daardie aand was in Machhermo (4410). Die koue het goed begin byt en met die aankoms het 'n klompie stappers gesellig in die sonnetjie in die middel van die herberg gesit en tee drink. Die gidse het ons ingelig dat daar 'n noodkliniek is waar veral draers gehuisves word wat hoogtesiekte opdoen, maar dat daar ook hulp aan stappers verleen word wat in die moeilikheid kom met hoogte -of ander broncheale siektes. Teen n prys, natuurlik! Ons het ná 'n laat middagete gegaan vir na 'n lesing oor hoogtesiekte deur twee jong Amerikaanse vrouedokters. Hoewel ons deur ervaring al reeds baie van die feite ken, was dit nogtans baie interessant. Veral toe ons ook die suurstof in ons bloed deur middel van 'n oksimeter kon bepaal.

Op dag 16 het Elmare, Sannet en ek verder gegaan na Gokyo wat dan ons laaste nag hoë hoogte sou wees (4790m). Nahendra, ons gidse, sou dié dag terugkeer na Macchermo om na Annelie om te sien wat nie lekker gevoel het nie en verkies het om te bly. Ek kon nie help om weer die Nepalese gidse te bewonder vir hul ongelooflike fiksheid en aanpassing by hoogte nie. Ook hulle omgee en verantwoordelikheid teenoor 'n stapper in hulle groep was bewonderingswaardig.

Ons het geleidelik hoër geklim na Gokyo met die Cholatse (6335m) en Tabosche (6367m) pieke aan ons regterkant, en 'n bruisende gletserrivier (Dudh Kula) regs onder. Die vallei het nouer geword, en op 4710m het ons die eerste van Gokyo se heilige mere te sien gekry. Die kleur was 'n asemrowende turkoois wat uitgestaan het teen die wit van Cho-Oyu. 'n Entjie verder het ons die tweede en grootste meer gekry, en die herberge van Gorgya het voor ons verskyn. Dit was 'n ongelooflike gesig, soos die storieboekprentjies wat voor jou oopval!

Ons gidse het vir ons 'n kamer in die herberg gekry en weer dadelik teruggegaan. Ons het via die gidse gehoor van die tragedie van 'n Franse vrou wat 2 dae tevore in die herberg oorlede is aan pulmonale edeem (water op die longe) weens hoogtesiekte. Sy het nie gehoor gegee aan haar gidse wat haar geadviseer het om af te gaan nie; asook nie aan haar liggaam wat haar sekerlik gewaarsku het dat iets nie reg is nie. Gelydelike akklimatisering is baie, baie belangrik.

Na middagete het ons die steil Gokyo-Ri (5360) begin aanpak. Dit het maar stadig gegaan, maar die uitsig was 'n lokaas en 'n inspirasie. Ons het afgekyk op die Ngozumpa Gletsjer wat die langste in die Himalajas is. So teen 15h30 het ons die piek bereik en 'n 360 grade uitsig op die Himalajas gehad. Die berge was asemrowend pragtig. Voor ons was weereens Everest of Chomolungma (Godin van die Lug) soos sy in Nepalees bekend staan. Lhotse op (8414), Nuptse (7861), Makalu (8463) in die verte en na links weereens Cho-Oyu en nog talle ander pieke reg rondom. Die literatuur sê dat die uitsig van Gokyo-Ri die beste is en ek stem volmondig daarmee saam. Ons het afgeklim, met die son wat Everest oranjerooi geverf het en agter ons op Gokyo-Ri was talle liggies van klimmers wat die laaste sonstrale op die pieke wou aanskou. Hierdie is 'n geleentheid wat net een keer in 'n mens se lewe gebeur, 'n geleentheid wat jou nooit los nie!!!

Dit was voorwaar 'n wonderlike ervaring om al die ou grotes te sien!!



Foto: Derek Odendaal

**"I love the mountains for their solid vistas,  
the struggles to reach their summits,  
the emotions and the memories that they give to me,  
but above all, for the sense of escape,  
freedom and the joy of living that I can find  
only there, up on their heights."**

- Walter Bonatti

# LEDENUUS

# 2010 NASIONALE KAMP


**Nuwe lede** wat gedurende die afgelope semester by die klub aangesluit het, is:

**Walter Mossner** van Welkom  
**Remo Ehlers** van Welkom


**Erelidmaatskap** van ons Afdeling is aan **Essie Esterhuizen** toegeken tydens die sosiale geleentheid in Kroonstad op 3 Oktober verlede jaar. Essie is vir baie jare reeds 'n gewaardeerde lid van ons Afdeling, het talke uitstappies gelei, 'n groot rol in natuurbewaring gespeel en was altyd 'n interessante bron van inligting op 'n uitstappie.

## **A Rose on Aconcagua**

One of our members, **Rose Gardner**, successfully climbed the **highest mountain in South America, Aconcagua**, on 14 January. Although classified as a trekking peak (there's no technical climbing involved) it is a very challenging mountain with terrible weather at times. At a height of 6957, the air is also rather thin up there. We can be proud of Rose. Well done!



"I realized that this is the only place that I can get away from Julius Malema..."



"I give up. What's black and white and red all over?"

## **DIE WALVIS-VOETSLAANPAD**

*Derek Odendaal*

### **"Die lewe word nie beter as dit nie"**

merk een van my mede-stappers op  
nadat ons lank op 'n hoë rotsbank gesit  
en kyk het na die pragtige see;

hoe die groot branders breek en spat; hoe drie  
robbe in die branders daar onder rondbaljaar, en  
net die saligheid van die hier en nou van 'n  
volmaakte somersdag geniet en waardeer het.



Foto: Derek Odendaal

Ons stap die derde dag van die Walvis-voetslaanpad in die De Hoop Natuurreservaat. Dis 'n ruwe stuk kus met hoë kranse, rots-uitsteekels, seegrotte en wilde branders. Dit laat my plekke aan die Harkerville-kus dink, of selfs aan die Otter se kuslyn. Op hierdie dag se roete langs die kus af is daar net een plek waar mens tot onder by die see kan kom, en dit met behulp van lere. Dit neem jou na 'n groot getypool waar ons snorkel en duikbril uithaal om die seelewe van nader te bekyk. Daar is ook grotte wat sekerlik bewoon was in die verre verlede. Een van hulle loop omtrent 70 meter diep die rots in. Aan die einde van die derde dag se roete verander die die ruwe rotskus skielik in 'n lang strand, wat 'n lekker afwisseling is. Die oornaght is nou naby.

Dit is goed geleë bokant 'n duin, met 'n mooi uitsig oor die oseaan. Drie van die oornaghtutte op die roete is langs die see, almal op pragtige plekke. Elke hut is anders en het 'n eie styl. Die een bestaan byvoorbeeld uit twee kapstylhuise (wat 'n unieke boustyl van daardie geweste is). Dit is 'n A-raam rietdakhuise met die dak wat tot op die grond kom. Die hutte is nogal luuks volgens voetslaanpad-standaarde, met 'n volledig-toegeruste kombuis, warm water en sonkrag ligte. Van die slaapkamers is egter beknop, met meestal die standaard

stapelbeddens. Braaigeriewe en hout word ook voorsien, terwyl die hutte ook binnebraaiplekke het vir gure weer (want Suid-Afrikers wil braai!). Omdat hierdie staproete jou ook die "slapstap" opsie bied, waar jou bagasie elke dag na die volgende oornaght vervoer kan word, kan jy genoeg van luuks soos vleis, wyn en die swaarder tipe items saamneem.

Die vierde dag se roete bied 'n kombinasie van strande en ruwe rotskus. Kenmerkend van hierdie deel is die groot, plat rotsbanke wat met laagwater ontbloeit raak. Dit wemel van mossels, klipmossels en ander skulpdierdieries, wat dit die ideale habitat vir swartobies maak. Hulle is oral in pare te sien en mens kan nie glo dat hierdie voëls eintlik as skaars beskou word nie.

Die vierde en vyfde dag van die roete bied heelwat plekke waar mens tot langs die see kan kom of selfs oor die rotsbanke kan stap tydens laagwater. Daar is oral oulike klein strandjies of seekompe waar jy lekker privaat in die skadu van 'n oorhangrots kan gaan rus, kan swem, die seelewe en grotte kan verken, of net die see sit en geniet. Die roete is ook maklik genoeg dat jy dit rustig kan vat en ure langs die pad kan vertoef as jy graag wil. Hier soek mens beslis nie 'n leier wat vir jou se wanneer om te stop en wanneer om te stap nie.

Ons was vyf getroude pare saam op die roete en elk het hulle eie pas gestap, gerus en gestop waar en so lank as wat hulle wou, en gedoen wat hulle wou. Buiten die rustige tempo waarteen mens kan stap, het jy dan ook die bonus van 'n laaaang somersdag, waar die son eers teen agt-uur sak. Jy kan dus ook die omgewing van die oornaght rustig verken en geniet, of die tyd gebruik om sosiale of geestelike bande te versterk.

Desember is ongelukkig te laat om die walvisse te sien. Ons het net twee sien sproei blaas doer in die see. Dolfyne was egter nie so skaars nie en ons het groot skole in die branders sien verbyswem en baljaar. Hierdie staproete is egter genoeg van 'n belewenis sonder walvisse.

Ek het die eerste twee dae van die staproete egter redelik vervelig gevind. Dit rook variasie en die roete is nie goed beplan nie. Dit loop oor die Potberg deur tipiese fynbos van die Wes-Kaapse kusgebiede. Alhoewel die fynbos en blomme heelwat bied om te waardeer (wat ook natuurlik meer sal wees in die lentetyd), het dit nie genoeg variasie vir twee dae se stap nie. Daarby is die topografie van Potberg nie dramaties nie. Die roete kon baie interessanter gewees het as verskynsels soos klofies, uitsigpunte en alternatiewe berghange beter benut is.

Om langs die kusgebied af te stap, was egter 'n groot plesier. Ek kan heelhartig saamstem met die opmerking dat die lewe nie beter word as 'n somer-staptog langs 'n wondermoorie, ruwe en ongerepte stuk van ons kuslyn nie. En dan nog saam met 'n groepie wonderlike mense. Wat 'n voorreg!

## Mountain Related Books First Ascent, by Stephen Venables.

This interesting book is about first ascents throughout the history of climbing and mountaineering. Many of the great climbers of the world features in the book, like Edward Whymper, Royal Robbins, Walter Bonatti, Chris Bonington and Reinhold Messner. The reader will get a wonderful insight of the best of mountaineering, while the book also features great contemporary photography and artwork.

## Nasionale Dinee

Ons Afdeling bied vanjaar weer die Bergklub se Nasionale Dinee aan. Dit vind op 15 Mei in die lapa van Lettie Fouche-skool plaas. Ons gaan lede van al die ander Afdelings nooi om dit by te woon, maar gewoonlik kom daar net 'n paar voorsitters van elders as dit hier aangebied word. Daarom is dit belangrik dat soveel as moontlik van ons eie lede dit kom bywoon. 'n Interessante praatjie met 'n foto-vertoning sal deel van die aand uitmaak. Jy sal ook die huidige president van die Bergklub, Dave Jones, kan ontmoet. Teken solank die datum aan en kyk uit vir besonderhede hieroor, wat so teen Maart uitgestuur sal word.

## Die Inka-roete en Peru: Baie goeie inligting.

Deon du Plessis het 'n baie volledige verslag geskryf oor ons Afdeling se toer na Peru en die Inka-roete verlede jaar in Mei. Angiesen ons reeds 'n artikel van Molly oor die Inka-roete in die vorige Billi geplaas het, voeg ons Deon s'n as 'n bylaag in. Dit bevat baie goeie inligting vir mense wat Peru wil besoek. Hou dit gerus vir toekomstige verwysing.



As Derek jou vra om 'n naweekstap te lei (nie noodwendig" jy nie) dan voel jy maar altyd dat 'n verantwoordelikheid op jou skouers rus, al is die roete goed gemerk en baie maklik. Daar is altyd so 'n effe sensuïtigheid rondom dit.

So het ons die Cannibal roete by Clarence gaan stap die naweek van die 6 - 8 November 2009. Daar het 'n heerlike bui reën uitgesak die Vrydagdag op die sinkdak van die ou gerestoureerde skuur van die St.Ford Gasteplaas. Ons was 'n lekker groot groep van 19 stappers wat onder andere vier van ons ("skaars spesies") Johannesburg lede insluit naamlik Louw en Landi Campher en Theuns en Hester Delpoort. Rose Gardner van Pretoria het gestap met 'n 20 kg sak om te oefen vir Aconagua in Suid-Amerika en het sy ironies genoeg net gehoop sy breek nie 'n been voor haar groot klim nie.

Die roete was goed gemerk en na die baie reën pragtig. Die stroompies en watervalle het almal afgekóm en die swemgate was heerlik. Sommiges het die geleentheid benut om ons stapkasse te laat aany na die holkrans waar ons die Saterdagagaand sou slaap.

Ons was ongeveer 3.5 km van die holkrans toe ek iemand hoor roep en besef iets het gebeur met Kay. Ek en Elmare was so 70 m voor die groter groep en het net daar ons dagsakke en kameras neergegooi en vinnig teruggestap.

Kay het gesit-lê en almal was om haar. Dit was 'n oordeelsfout met 'n sandsteenklip en sy het haar enkel gebreek! 'n Wonderlike en ervare groep stappers het reeds die beste plan gemaak toe ons daar kom. Laetiia se stapstok was in drie verdeel en met 'n verband vasgedraai om die enkel om dit te stut. Met Elmare by as 'n verpleegsuster het nog 'n sterker verband meer gehelp met die stabilisering en het Kay die nodige medikasie gekry. Met twee lang en sterk stapstokke van die Johannesburgers en Landi se slaapsak is 'n draagbaar gemaak. Daar was egter geen sein vir 'n selfoon nie en ek wou net 'n bietjie hoër klim om sein te soek toe Elmare gil sy sien die boer se bakkie. Ons het gewaai en geskree om hul aandag te trek en Jacques het weggespring en die berg afgehardloop.

Intussen het ons vir Kay begin afdra na onder en die ander stappers het met ons sakke en kameras begin aanstap op die roete na die holkrans. Ons het haar onder 'n ou groot populierboom neergesit en wag vir die bakkie wat intussen Sheila en Kay se sakke weer gaan haal het by die oornagholkrans sodat Sheila haar kon terugneem Bloemfontein toe. Sy is geopeer en met penne in en gips aan en sy sal hopenlik gou weer stap!

Daar was so 'n wonderlike samewerking in die groep en ek het weereens die belangrikheid van ervaring, samewerking en omgee in 'n groep besef. Dit het vir my, en ek is seker die ander ook laat besef dat 'n mens nooit moet dink dit kan nie met jou gebeur nie en dat ons almal daaruit kan leer!

- **Bylaag 1:**  
Die Inka-roete en Peru
- **Bylaag 2:**  
The UIAA Mountain Code

<b>Billi</b>	
Samestelling:	Derek Odendaal Molly Smit
Ontwerp & Uitleg:	Jacomi Odendaal